

Sukses! Watter sukses?

Ons leef in 'n suksesgedrewe samelewing. Van geboorte tot dood word deur sukses bepaal. Die eerste woord en tree van 'n kind word in terme van sukses beoordeel. En na die dood word getuienis gegee van die suksesse op aarde. Ja, ook die suksesse van die geloof.

Hiskia het twee keer trauma beleef. Die eerste is die inval deur Sanherib (2 Kon 18:13 – 19:37). Die tweede is sy lewensbedreigende siekte (2 Kon 20). En in beide het die Here bemenslike uitkoms gegee (2 Kon 19:35; 20:11). In beide traumatiese situasies het die Woord van die Here 'n sentrale plek gehad, deur die profeet Jesaja. Maar hoe gou vergeet 'n mens nie. Wanneer die omstandighede verander, verander Hiskia. Hy wat, soos sy naam sê, sy sterkte in die Here geleef het, ontvang 'n diplomatieke sending uit Babel (20:12, 13). So 'n buitelandse besoek bestaan nie net uit 'n gesprek nie. Gewoonlik is die gesprek deel van 'n program. Die program wat Hiskia se amptenare voorberei het, het met die besoek aan die paleis ook 'n besigtigingstoer ingesluit. Al die skatkamers en voorraadkamers word gewys word aan die buitelandse afvaardiging gewys. Wanneer afhanklikheid van die Here ingeruil word vir jou eie sukses, is die (spreekwoordelike) “dood in die pot”. Dis die begin van die einde. So sal Hiskia die woord van die Here, deur Jesaja, moet aanhoor dat al die skatte weggedra word na die einste Babel toe.

Leer ons dan nooit nie? Ons begin so mooi. Die huwelik begin biddend: “... dat U hierdie egpaar deur u Heilige Gees wil lei.” Die doop begin belydend: “... al is ons in sonde ontvang en gebore, ons tog in Christus geheilig is.” Die kerklike lewe na belydenisaflegging begin met: “... deur die genade van God die verbondsgemeenskap met God onderhou.” En daarna? Waar is die suksesse? Selfs al het die Here ons deur trauma geneem om afhanklik van Hom te lewe? Maar Hy wat Homself vir ons tot lewe gegee het ... die sukses word bewys deur sy plek aan die regterhand van God. Hy hou rekening met ons swakheid en dat ons maklik vergeet (NGB, art 33). Hy het vir ons sakramente ingestel om ons voortdurend te herinner aan die sukses wat saak maak. Christus se dood en opstanding. Waardeur ons lewe, groei, vooruitgaan. My en jou suksesse in die lewe is hoogmoed. Dié kom tot 'n val. Christus se sukses vir ons bereik die hoogste hoogtes.

Sing: Psalm 138:1, 2 (1936)

Ds CA Jansen (Secunda)